

Skriflesing: Genesis 1:26-31; Gen. 6:5-7; Johannes 3:1-3

Kategismus: **Sondag 3**

Teks: **Genesis 1:31; Johannes 3:3**

Sing- Ps. 25:2,4; Ps. 145:10; Ps. 33:3

Genesis 1:26-31

Gen 1:26 En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

Gen 1:27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

Gen 1:28 En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.

Gen 1:29 Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.

Gen 1:30 Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende siel is, gee Ek al die groen plante as voedsel. En dit was so.

Gen 1:31 Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.

Genesis 6:5-7

Gen 6:5 Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,

Gen 6:6 het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.

Gen 6:7 En die HERE sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het.

Johannes 3:1-3

Joh 3:1 En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, 'n owerste van die Jode.

Joh 3:2 Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie.

Joh 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

Sondag 3

6 Vraag: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys (c).

(a) Gen 1:31. (b) Gen 1:26, 27. (c) Ef 4:24; Kol 3 2 Kor 3:18.

7 Vraag: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b).

(a) Gen 3; Rom 5:12, 18, 19. (b) Ps 51:7; Gen 5:3

8 Vraag: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: Ja (a), behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (b).

(a) Gen 8:21;6:5; Job 14:4; 15:14, 16, 35; Joh 3:6; Jes 53:6. (b) Joh 3:3, 5;1 Kor 12:3; 2 Kor 3:5.

Skriflesing: Genesis 1:26-31; Gen. 6:5-7; Johannes 3:1-3

Kategismus: **Sondag 3**

Teks: **Genesis 1:31; Johannes 3:3**

Sing- Ps. 25:2,4; Ps. 145:10; Ps. 33:3

Geliefdes, Sondag 2 het op 'n tragiese noot geëindig. Die vraag wat ons uit Heidelberg gevra word of ons die Wet, die Wet waaruit ons ons ellende leer ken, of ons die Wet in alles ten volle nakom. Ons antwoord het baie tragies na ons gekom. Ons het geantwoord dat ons **van nature geneig is om God en my naaste te haat**. Ons wat veronderstel is om God en ons naaste lief te hê, is met haat gevul. Ons het vanoggend reeds na die haat in die antichris en antichriste verwys. Dit is erg om te beseef hoe ekself nader aan die antichris beweeg kan word sonder dat ek dit beseef. Daarom moet ons soveel meer bedag wees op wat ons vandag hier bely.

Dit is ook weer 'n geval soos wat Sondag 2 eindig, ek is geneig om te haat... so eindig Sondag 3 swaar vir die menslike oor- Vraag 8 is 'n erkenning dat ons wat **geneig is om God en ons naaste te haat...** word daarby gevoeg, ons **is tot alle kwaad geneig... ons is verdorwe... ons is glad nie in staat om iets goeds te doen nie...** Alles 'n erkenning, 'n belydenis wat mens eintlik soos in die greep van 'n luislang mag voel dit jou vaster en vaster kan draai. Al was niemand van ons seker nog in daardie wurg van 'n luislang in geknoop nie, is dit seker van die mees benouende wat mens kan oorkom. Hier gebeur iets benouend, iets wat ons vandag mooi na moet kyk

In ons belydenis is hier 'n worsteling aan die gang. Ons erken hier is ellende. Sondag 2 wys iets van die grootheid van die ellende. Hoe omvangryk dit is. Sondag 3 worstel met waar kom dit vandaan... wie se skuld is dit... maak ons nie maar van 'n molshopie 'n berg nie... alles vrae wat ons direk in ons belydenis die antwoorde hoor, antwoorde soos wat God se Woord baie duidelik die belydenis in hierdie antwoorde inlyf. Vraag 6 en 7 is amper gelykluidend deur by God te begin. Het God ons nie uitoorlê nie? Het God ons nie so geskape, verkeerd en sondig dat die sondeval eintlik ons lot was nie? Niemand sou daarteen kon opkom en bly staan nie!

Die eerste wat ons met die grootste vrymoedigheid mag uitroep is om te sê NEE, NEE, NEE, God het die mens goed geskep. Ons moet eintlik kan byvoeg BAIE GOED. Van die begin af is mense geneig om wat verkeerd loop en skuld wat daar is, op andere te wil pak. Eva het dit gedoen, Adam doen dit... Eva verwyf die slang, Adam verwyf sy vrou... ja Adam het so byna iets van skuld na God wil impliseer... *die vrou wat U my gegee het...* U geskenk is nou my gemors. Broeder en suster, laat ons God hier duidelik hoor. Hy dra geen skuld vir wat gebeur

het nie. Na elke dag se skepping staan dit so mooi beklemtoon, maar dan ná die mens ook geskape is lees ons Gen. 1:31- so eindig Genesis 1- *Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.*

Ons is trouens na die ewebeeld van God geskape. Watter geweldige beeld wat die mensbeeld na vore moet bring. God se Beeld – ja Gen. 1:26-27 staan dit- **26** *En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.* **27** *En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.* Die Kategismus gee dan sommer dadelik 'n verklaring wat dit beteken om na die Beeld geskape te wees. Dit kom net op goeie dinge neer. Dit wys werklik hoe goed God ons geskape het... WARE KENNIS, DIE INNIGSTE EN BETROUBAARSTE LIEFDE, DIE HOOGSTE GELUK, WARE DIENS AAN GOD, dit was eintlik God se bedoeling met ons. Sy beeld het hierdie ewebeeld voorgedra toe ons uit die stof, of uit die klei van die aarde gevorm was en God met sy Heilige Gees in ons die gees geblaas het.

Ons gees wat moet getuig dat in die paradys was daar geen skuld, geen kwade bedoeling aan die kant van God nie. Ja, die hele Woord van God laat ons hieroor duidelik verstaan- lees ook maar Ef. 4:24- **24** *en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid...* ook Kol 3:10- **10** *en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper...*

In elke faset van mens-wees was daar net goedheid. Daarom dat toe die skepping nuut was, die mens nuut was, die eerste huwelik nuut ingestel is, was dit werklik nuut en goed. Nou maak die Kategismus dit baie duidelik dat ons ook nie die leer van die ewolusie kan aanvaar nie. Die ewolusie leer is 'n prosesleer, 'n ontwikkelingsleer, wat beweer die mens is dier wat eintlik sonder maniere, sonder kultuur, met net drange en wreedhede die skeppingswêreld eintlik maar soos 'n dier hom/haar gedra het. Alleen ontwikkeling en beskawing en 'n beter omgewing maak die mens beter. Dit wil hierdie mense dan glo dat die eerste mense eintlik soos diere baie beslis nie volmaak was nie. Die moeras van onkunde en dierlikheid en wreedheid was die eerste mens se plek en alleen deur die leer van kultuur en beskawing het dit beter kon word.

Daarom dat Sondag 3 as baie belangrike leerstuk en belydenis in ons skole moet geleer word. 'n Skool wat Sondag 3 nie na behore leer en ernstig is om ons kinders dit goed te laat verstaan nie, is oorgelewer aan wat deesdae se leerplanne ons kinders laat grootword dat die mens nie

net sy oorsprong heeltemal verkeerd verstaan nie, maar dit het soveel ander verkeerde en bese implikasies. Wie Sondag 3 mis, groot of klein sal nie kan verstaan wat sonde is en wat sonde aan die mens kom doen het en waarmee die sondige mens nou nog mee te doen het nie. Hoor maar hoe baie mense oor sonde dink. Sonde is maar net 'n swak skakel in die leer van ontwikkeling. Daarom sal hierdie mense vir jou sê dit wat ons sonde noem is geen sonde nie. Sonde is vir hulle eintlik 'n noodsaaklike kwaad wat dan selfs as iets goeds bedoel kan word, want daardeur word gebreke en swakhede in die skakel van menslike ontwikkeling uitgeskakel. Hierdie tipe twak is vandag baie mense se grootste waarheid wat lankal die waarheid van Gen. 1-2 toegeklap het.

Na alles is dit eintlik maar weer 'n mense poging, soos Adam en Eva probeer het, om skuld elders te wil plaas. Sonde kan dan as geen skuld meer gesien word nie, ons verdorwenheid word maar toegeskryf aan 'n proses van natuurlike ontplooiing, dit is eintlik maar 'n ontwikkeling van ons natuur.

Broeder en suster, wat God vir ons baie duidelik maak is die sondeval het niks met die skepping en die natuur van die mens en die ontwikkeling in die mens plaasgevind nie, dit was deur en deur 'n willekeurige en verkeerde wilsbesluit en wilshandeling, wat die mens in elke opsig in homself/ haarself moet gaan soek. Die mens was van die begin af op geen manier as dierlike wese geskape nie, maar as Beeld van God en dit maak ons ellende so 'n verskrikking en dit bly vreeslik om dit te besef, hoe wonderlik goed alles kon wees en watter gemors het die mens daarvan gemaak.

Ja, die mens wat ons tot vandag kan sien werklik in staat is om van alles 'n gemors te maak. Ons wat deelgenote van God se mag en God se glorie kon wees, van die sondeval af, het die sondeskuld ons hele lewe en ons hele bestaan besmet. Alle mense is hierdeur geïnfecteer. Voor my kind gebore is, toe is dit alreeds 'n werklikheid waarmee hy/sy hierdie wêreld ingekom, sonde en skuld is daar. Erfskuld, erfsmet, erfsonde, dit kom ons agter in 'n babatjie wat nog nie eers kan praat nie, maar daardie wil om moeilik te wees, ja selfs die siektes en infeksies wat in die liggaam inkom het, is 'n gevolg van die sonde. Veroudering is 'n gevolg van die sonde. Die dood is 'n gevolg van die sonde. Broeder en suster, dit is nare feite, maar dit is ongelukkig dinge wat mens nie van kan wegkom nie, al wil mense dit op so baie maniere probeer wegredeneer. Ons verdorwe natuur se begin lê in twee mense, maar hulle twee het gemaak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word. Watter ellende het dit nie alles teweeggebring nie. Genesis 6 gee 'n baie duidelike refleks op hoë ellendig het dit geword. God wat hartseer is dat Hy die mens gemaak het. Daar staan dit baie sterk- *toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy*

in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.

Nou moet ons Sondag 2 en 3 ook begin saamlees- Die feit dat ons ellendig is vanweë ons sonde, ons leer hierdie sonde deur die Wet. Dit is nare feite, dit is moeilike kennis om in te samel, dit maak slim mense dom, hulle wat hierdie eenvoudige waarheid, hierdie saamgevatte kennis nie wil aanvaar nie, hulleself nie voor die Wet wil stel nie. Dan kom hulle met allerhande teorieë en verskonings om God se Woord en God se Wet sy krag te wil ontnem. Hoe dankbaar moet ons wees dat al wil mense dit doen, dit sit nie in hulle broek nie. Hulle wys eintlik maar net nog meer hulle ellende, hulle skuld, hulle totale domheid, terwyl mens diegene ken wat hierdie waarhede wat ons vandag oor praat eenvoudig raaksien en die eenvoudige verstand word so ryk en verryk deur eenvoudig hierdie kennis kinderlik te aanvaar soos God dit vir ons gee

Ons het by Sondag 2 uit Romeine 5 gelees, hier in Sondag 3 is Romeine 5 eintlik nog meer vanpas... Eers weer Romeine 5:19-20: *19 Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.*

20 Maar die wet het daar bygekome, sodat die misdadigheid meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword... Ons het iets van kringloop, selfs mag mens dit noem 'n bouse kringloop, maar God laat sirkels ook reguit lyne word. God kan 'n bouse kringloop breek.

Dit is wat ek aan die einde van Sondag 3 inlees. Die bouse is erg, ons eie bouse natuur is erg; dit is 'n bouse kringloop om te weet **dat ek tot alle kwaad geneig is, dat ek nie in staat is om iets goed te doen nie.... ons is so verdorwe**, maar hoor waarmee kan ons vandag ons dienste mee afsluit. God laat nie met Hom mors nie, maar God trek reguit lyne waar mense in bouse sirkels vasgeval het. Daar is wedergeboorte moontlik. Ons het uit die eerste Johannes brief nou al baie daarvoor gepraat. Hoe belangrik is wedergeboorte nie! Daar kan op geen manier lewe wees en 'n toekoms wees en geloof wees en 'n kerk wees; jy kan werklik nie kind van God wees as jy nie weergebore word nie. Die wedergeboorte herstel weer God se ewebeeld. In Christus word ons verlos, ons word nuut.

Wanneer God se beeld weer al helder in ons kan begin skitter, dan besef ons daar het iets groot gebeur. Dit is iets van 2 Kor. 3:18 **18 En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.** God gryp sy kinders

aan, Hy maak ons anders, Hy maak ons nuut, Hy verstoot ons nie, Hy gee sin in die lewe, daar kom 'n vaste koers, 'n heerlike uitsig 'n sekere bestemming. Hoe mooi om te mag hoor jy is na die beeld van God geskape. Hoe sleg om te hoor, jy is 'n kind van die eerste Adam. God gee ons nie wat ons verdien nie, maar God skenk ons sy genade. Die wedergeboorte wat plaasvind maak die verdorwenheid, die kwaad, die werklik sleg in ons, iets waarby ons nie moet vassteek nie, alhoewel ons dit baie duidelik moet raaksien. Volgende keer sal ons sien, nie net hoe God se skepping, God se werke baie goed is nie, maar ook die reg van God in alles wat gebeur het, daarin is God volmaak reg in wat Hy sê en in wat Hy doen.

AMEN